Dr. Charles Serrurier en die sangeres en aktrise Amor Vittone saam by 'n geleentheid.
Foto: FACEBOOK/AMOR VITTONE

Plastiese chirurg steel Amor Vittone se hart

Jana van der Merwe

Die sangeres, aanbieder en aktrise Amor Vittone het ná baie jare van enkellopend wees besluit om die liefde weer 'n kans te gee.

Sy was tot Februarie 2017, toe die rugbylegende Joost van der Westhuizen oorlede is, nog met hom getroud, maar hulle was toe reeds lank vervreem.

'n Betroubare bron het gister bevestig Vittone is in 'n verhouding met die plastiese en rekonstruktiewe chirurg dr. Charles Serrurier, maar dis nog "'n baie jong liefde".

Vittone, wat in Maart 50 geword het, het Vrydag as deel van Oktober-borskankerbewusmakingsmaand 'n mammogram en 'n sonar by die Rosebank Mediese en Tandheelkundige-sentrum in Johannesburg laat doen en aan haar 157 000-volgelinge op Facebook geskryf: "Vroeë opsporing is beter voorkoming. Dames, in ons besige lewens vergeet 'n mens om die toetse te laat doen."

Daarby het sy ook 'n foto geplaas van haar en Serrurier, wat gereeld op YouTube oor die bewusmaking rondom borskanker gesels.

Vittone het in die inskrywing erken sy was baie senuweeagtig vir die prosedures, maar dat sy by die sentrum net met deernis behandel is.

Volgens die bron het Serrurier Vittone aangespoor om die mammogram en sonar te laat doen.

Vittone se hope aanhangers het dadelik die kloutjie by die oor gebring en vir haar en Serrurier begin gelukwens as nuwe paartjie.

"Amor verdien die beste. Amor nou is dit jou tyd en geluk vorentoe wat tel. Maak die beste daarvan," was Debbie Nel se boodskap.

Vittone, wat self druk besig is, was die naweek in die Noord-Kaap om beoordeling vir ABS Productions te doen om talent in die kunste te ontgin.

Sy het nie op enige navrae gereageer nie en wil blykbaar die verhouding privaat hou.

Volgens die bron het Vittone se ouers vir Serrurier eers baie onlangs ontmoet, maar hy het na verneem word 'n goeie indruk op hulle gemaak.

Vittone het sedert haar huwelik met Van der Westhuizen verbrokkel het nooit weer ware liefde gevind of iemand in haar lewe gehad nie.

Sy het al haar aandag as enkelma op haar kinders gevestig. Dit is nou al wel 'n geruime tyd dat haar twee kinders, Jordan (18) en Kylie (16), hul ma aanspoor om weer iemand te ontmoet.

'n Gemeenskaplike vriend het glo vir Vittone en Serrurier, 'n wewenaar en die pa van twee jong tienerseuns, aan mekaar voorgestel.

"Die vriend het gevra of hy Amor se nommer vir hom kan gee, want hy het gedink hulle sal baie mooi by mekaar pas.

"Amor het nie eens gedink hy sal bel nie, en toe het hy gebel!" verklap die bron.

'DIS ASOF 'N DEEL VAN JO'BURG OOK GESTERF HET…'

Mansfield deur vriende en kollegas gehuldig

AJ Opperman

Die nuus van die dood van die radio-en-televisiepersoonlikheid Jeremy Mansfield (59) gisteroggend nadat kanker vroeër vanjaar by hom gediagnoseer is, is met groot hartseer begroet.

Hy was by sy huis en omring deur familie en vriende toe hy heengaan, het Samantha Cowen, sy vriend en kollega, op haar Facebook-blad geskryf.

"Vanoggend het 'n lig in die wêreld afgegaan. Jeremy Mansfield is net voor dagbreek oorlede," lui Cowen se inskrywing.

Mansfield (59) het fase-4-lewerkanker gehad.

Hy was terminaal en het palliatiewe sorg ontvang.

"Dis vreeslik hoe daardie groot teddiebeer weggekwyn het," sê die rolprentmaker Leon Schuster oor Mansfield.

"Jy het altyd aan hierdie groot man gedink en as jy hom gesien het, wou jy hom net 'n druk gee."

Leukemie is in 2009 by Mansfield gediagnoseer, maar hy het dit oorwin.

"Daarom is dit vir my so hartseer dat hy nou aan kanker dood is," sê die aktrise Lizz Meiring, wat saam met hom in 'n paar reekse van die destydse SABC2-speletjiesprogram *A Word or 2* verskyn het. Mansfield was die aanbieder.

Dit was 'n produksie uit die kraal van Stemmburg Televisie van Johan Stemmet.

Stemmet vertel Mansfield het oor die radio altyd geskerts dat hy 'n pruik dra. "Toe sê ek eendag vir hom ons moet na 'n winkelkompleks gaan dat hy my hare kan deursoek.

"As dit 'n pruik was, sou ek *Noot vir noot* voortaan sonder die pruik aanbied. Maar as dit nie een was nie, moes hy sy hare afskeer en 'n foto in die koerant plaas.

"Toe moes hy al sy hare afskeer."

Volgens Schuster was radio Mansfield se groot liefde.

"Daai jare toe ek *Hie' kommie bokke* uitgereik het en nog voor dit, het hy by Radio 702 gewerk. Hy het met my oor my flieks onderhoudjies gevoer.



Jeremy Mansfield in Deon Opperman se toneelstuk *Môre is 'n lang dag*.

Leon Schuster en Jeremy Mansfield.

"Ons het baie keer saam gaan middagete eet en dan sit hy met daai lang bierglas. Ou Jeremy was 'n verskriklik lojale en joviale soort ou. Hy wou net *joke* en lag en lag en lag."

Schuster en Mansfield het ook 'n liedjie, "Gee Hansie nog 'n kansie (Give Him Another Chance)", vir die voormalige Protea-krieketkaptein Hansie Cronjé geskryf en opgeneem.

Dit was in die tyd toe dit aan die lig gekom het dat hy by wedstrydknoeiery betrokke was.

Die omroeper en sanger Johrné van Huyssteen onthou die reaksie wanneer Mansfield by 'n openbare plek ingestap het.

"Dis asof 'n deel van Jo'burg ook gesterf het, want Jeremy was so 'n deel van die stad. Sy passie was aansteeklik. Hy het beslis 'n indruk op 'n ou gemaak."

Die omroeper Gareth Cliff kon onlangs van hom afskeid neem, maar is nogtans baie hartseer oor sy dood, "selfs al het ons geweet sy tyd is min en het ons almal tyd gehad om hom te groet".

"Vanjaar is twee ware ikone in die uitsaaiwêreld weg – hy en John Berks. Hulle albei het Suid-Afrika 'n ligter, helderder plek gemaak."

Mansfield se ma is vanjaar op sy verjaardag dood.

Loopbaan

Mansfield is op 15 Augustus 1963 in Makhanda (destyds Grahamstad) gebore. Hy het spraak en drama en joernalistiek aan die Rhodes-Universiteit gestudeer.
Hy het in Deon Opperman se toneelstuk *Môre is 'n lang dag* opgetree, waarvoor hy 'n Vita-prys ontvang het.
As omroeper was hy bekend om programme soos *The Rude Awakening* op 94.7 Highveld Stereo (deesdae 947).
Later was daar die M-Net-komedie *Laugh Out Loud*, die finansiële program *Mansfield's Moneysense*, die YouTube-kanaal *Mansfield2Day*, en *Joburg's Hottest Breakfast* op Hot 91.9 FM.
Hy het die program verlede jaar verlaat om op sy gesondheid te fokus.

Hy was twee keer getroud en het 'n dogter uit sy eerste huwelik.

Hy en sy tweede vrou, Jacqui, met wie hy in 2003 in die Krugerwildtuin getroud is, het saam 'n resepteboek, *Zhoozsh*, uitgegee.

■ Ook die regering het sy medelye met Mansfield se familie en kollegas uitgespreek.

Luidens 'n verklaring word hy onder meer onthou vir sy rol in die insameling van geld vir liefdadigheid, en het hy via radio 'n enorme bydrae tot die wêreld van vermaak gelewer.

'Bachelor' verwyder sy profiel op sosiale media

Die voormalige TV-ster, model en rugbyspeler Lee Thompson, wat onlangs sy aanhangers 'n onthullende boek belowe het oor sy haweloosheid, verslawing en rehabilitasie, se profiel op sosiale media het die naweek verdwyn.

Die Instagram-rekening waar hy derduisende volgelinge gehad het danksy sy verskyning op *The Bachelor SA* was teen Saterdagmiddag skoonveld.

Onlangse plasings op Thompson se Facebook-blad was gisteroggend vroeg nog sigbaar op die blad, maar is ook later verwyder. Dit sou vir aanhangers 'n skok wees aangesien hy die afgelope week gereeld inskrywings gemaak het, veral van hom saam met sy klein hondjie en waar hy in 'n rivier swem.

Lee Thompson

'n Nuwe rekening is skynbaar in sy naam geskep met die gebruikersnaam Lee Thompson pvt, wat vermoedelik staan vir "private". Dié rekening het al digby 80 volgelinge, maar dit kon nie bevestig word of dit inderdaad aan Thompson behoort nie.

Enigiemand wat dié rekening wil volg, moet 'n versoek stuur om dit te kan doen.

Dit is onduidelik wat van Thompson se beloofde boek, *The Truth Behind the Rose*, gaan word.

Net 'n paar weke gelede het hy dit weer bemark en gesê hy sal in die boek praat oor sy "rehabilitasie en herstel, hoe hy sy verhouding met God vernuwe het en hoe hy sy pad terugveg na bo".

Hy beloof die koms van die boek al sedert 2020.

– Ané van Zyl

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering (AJV)

Die Voortrekker Road Corridor Improvement District NPC (VRCID) hou 'n AJV. Alle belanghebbende persone word genooi na 'n oorsig van die jaar se bedrywighede en beplanning vir 2023/24.

Datum: 22 November 2022
Tyd: 17:00
Plek: New National Hotel, Voortrekkerweg, Parow

Slegs bona fide-lede van die VRCID kan stem by 'n AJV. Alle eienaars van nie-residentsieële eiendom wat binne die VRCID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 15 November 2022.

Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na www.vrcid.co.za, stuur 'n epos aan Leonie.vandermerwe@vrcid.co.za of skakel 021 8236713.

#NO18 aware.org www.aware.org.za
Nie Vir Persone Onder Die Ouderdom Van 18 Jaar Nie.